# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 18 September 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "A fanatic is one who can't change his mind and won't change the subject" Winston Churchill***

## CITRUS BLACK SPOT – PRO-AKTIEWE SLUITING VAN DIE MARK

Op Maandag 14 September 2015 het die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf tydens 'n spesiale vergadering van die "Citrus Growers Association" se CBS komitee, na oorleg met alle belanghebbendes, besluit om by DAFF aan te beveel dat uitvoere van sitrus na die Europese Unie (EU) pro-aktief opgeskort moet word (met die uitsondering van sagte sitrus en kumkwarte, sowel as uitvoere van die CBS-vrye streke van die Wes- en Noord-Kaap). Die CGA het aanbeveel dat DAFF inspeksies van sitrusvrugte wat vir die EU bestem is, op Donderdag 17 September 2015, moet staak (einde van besigheidsdag). As 'n bykomende maatstaf van risikobestuur, het CGA 'n program van "pre-import DAFF" inspeksies in die EU deur een hawe [Rotterdam] voorgestel, om moontlike risiko wat met die 'floating consignments' geassosieer word, wat SA ná die staking van inspeksies op 17 September en EU marksluiting, verlaat. Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf hoop dat hierdie besluit ons verbintenis om die EU se vereistes na te kom en die mark oop te hou, demonstreer.

## REËNVAL IN SUID-AFRIKA SE SITRUS PRODUSERENDE AREAS

Met die welkome reën wat in KZN val soos ek die brief skryf hoop ek dat dit die noordelike streke sal bereik waar die vroeë lente reëns nie opgedaag het nie. Vanuit die winterreënval streek van die **Wes-Kaap** berig Piet Smit as volg "Ons het tot op datum omtrent 50% van die gemiddelde reënval (omtrent 240 mm van die gemiddelde 450 mm) gehad. Ons reënseisoen is verby, alle privaat opgaardamme is laag, weens die min reën en sneeu op die berge. As daar nie bykomende reën tydens die somer is nie, gaan daar 'n probleem met water wees. Om die oes aan die gang te kry het ons genoeg water, maar besproeing tot en met oes gaan 'n probleem wees as dit nie reën nie" Steeds in in die Wes-Kaap en vanuit die Boland berig George Hall "die droogte het ons tot op datum nog nie beïnvloed nie". Jannie Spangenberg sê "Situasie in die **Noord-Kaap** is baie droog. Ons het slegs die minimum reën gehad, baie minder as die normale reënval. Die watervlakke in die damme is egter goed weens die reën in die opvangsareas. Die voorspellings is dat dit 'n baie droë seisoen gaan wees as gevolg van El Nino en daarom baie min reën in ons somerreënval areas. Die **Oos-Kaap** wat beide 'n somer- en winter reënval kry vaar baie beter – volgens Phillip Dempsey is "Dam op 102% en die Gamtoos is nog in vloed. Geen droogte in ons area." Pieter Nortje bevestig die goeie reëns "In die Sondagsrivier het ons reeds ons jaarlikse reënval gehad en die veranderde reënval patroon van 2015 het tot die hoogste reënval in dekades gely. Dit het ook 'n groot finansiële impak tot gevolg gehad; ons het 28 oesdae verloor, hoër loonuitgawes gehad omdat ons oor naweke moes pluk en vrugkondisies en rakleeftyd is ernstig geraak. Aan die positiewe kant het dit tot die beste lente klimaat en blomtoestande in jare gely, wat 'n fantastiese vrugset vir 2016 beloof." Jock Danckwerts bevestig die posisie vir Katrivier area as volg "lyk goed hier in Setlaarsland. Damme in Keiskamma, Tyumie, Kat en Koonap opvangsareas is vol en die riviere loop. Ek verstaan dat die Gariep, wat die Visriviervallei voed 2/3 vol is" Die **KZN** area bevestig dat dit baie droog is en goeie somerreën nodig het (Mike Woodburn). In **Swaziland** berig George Brown "Die droogte is meer ernstig in die suide van Swaziland met areas wat slegs 50% van die jaarlikse reënval gehad het. Droogte het bygedra tot kwaliteitsprobleme soos klein vrugte en kraakskil vir die oes in 2015. Enige vertraging in die eerste reëns (Lente 2015) kan 'n impak op vrugset vir die komende seisoen hê". Ons beweeg na **Mpumalanga** waar Cornel van der Merwe berig dat "Ons in Onderberg area is op 50% toekenning van water omdat die Krokodilrivier baie laag is. Die Krokodilrivier kry sy water vanaf Kwena Dam wat tans op 85% kapasiteit is, 10% laer as verlede jaar die tyd. Onderberg is hoofsaaklik 'n suikerriet besproeingsarea (80%) en afhanklik van die Krokodilrivier. Met die somer wat vinnig nader kom sal die suikerriet se besproeingsbehoeftes drasties in die volgende dae toeneem wat 'n groot las op water uit die Krokodilrivier en Kwena dam sal plaas. Ons voorsien selfs strenger toekennings in die komende weke wat suksesvolle vrugset sal bemoeilik." Verder noord berig Fanie Meyer by **Hoedspruit** dat "Blyderivierpoort dam is veral van belang omdat hoe laer die dam sak, hoe minder druk is daar in die pyplyn. Ons word geraak maar op die stadium is nog steeds OK. Ons het omtrent 30mm reën op 5 September gehad wat die stof afgewas het en die bos effens groener gelaat het maar sonder opvolgreën is ons in vir 'n rowwe tyd. Dit gesê kan ons eintlik eers reën van week 42 af verwag." Ben Vorster is minder optimisties "In ons area kry ons regtig swaar, ons is op 50% van ons water toekenning, meeste plaasdamme is tussen 40% en leeg! Ons maak ook gebruik van boorgate tesame met ons toekenningsregte om nou die nuwe oes reg te kry, maar met Tzaneen dam op 58% op 14 September, lyk dinge nie goed nie! Ons sal met die nuwe oes begin maar as ons nie goeie reën teen November kry nie, sal ons nie kan aanhou om al ons bome te besproei nie, so die huidige droogte het 'n groot effek op **Letsitele** area". Verder noord berig Bertus Dilman dat "**Tshipise** area genoeg water in die Njelele dam het om die 2016 oes mee te begin maar ons sal vroeë seisoenale reën moet kry om die oes deur te sien. Waterkwaliteit en hoeveelheid in die **Weipe, Pontdrift** area raak kritiek en ons hoop op vroeë reëns om die Limpoporivier aan die loop te kry." In **Senwes** streek (Marble Hall & Groblersdal) berig Charles Rossouw dat "Ons hoof waterbron is die Loskopdam (82.1% vol) wat sy invloei van die Olifantsrivier-opvangsarea kry wat 'n groot deel van die ou Transvaalse Hoëveld area is. Ons probleem is dat ons vir die seisoen reg sal wees maar omdat alle damme op die plase stroomop laag is, gaan baie reën nodig wees alvorens die Loskopdam enige invloei sal kry. Gelukkig begin die reënval seisoen nou eers!"

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 37 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 17.8 m | 15.5 m | 16 m | 14.6 m | 15.8 m | 15.3 m | 16 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.3 m | 9.8 m | 9.8 m | 9.4 m | 9.8 m | 10 m | 9.9 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.4 m | 13 m | 14.6 m | 12.8 m | 14.2 m | 13.6 m | **14.6 m** | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 25.9 m | 24.4 m | 25.8 m | 24.4 m | 25.1 m | **24.4 m** | 26 m |
| Valencias | 43.1 m | 42.9 m | 44.1 m | 34.5 m | 36.5 m | 49.1 m | **50 m** | 50.9 m |
| Totaal | 105 m | 107.1 m | 108.9 m | 97.1 m | 100.7 m | 113.1 m | 114.9 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVE BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**